9/92

Saaknommer: 241/90

SENTRAALWES (Koöp) BPK ........................ Appellant

en

DIE MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF ............ Eerste Respondent

LESLIE NEIL SACKSTEIN N O .................... Tweede Respondent

GEORGE FREDERICK WESSELS N O ................. Derde Respondent

JOUBERT, AR .

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

SENTRAALWES (Koöp) BPK ....................... Appellant

en

DIE MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF ........... Eerste Respondent

LESLIE NEIL SACKSTEIN N O .................... Tweede Respondent

GEORGE FREDERICK WESSELS N O ................ Derde Respondent

Coram: JOUBERT, E M GROSSKOPF, VIVIER, F H GROSSKOPF,

ARR *et* VAN COLLER Wnd AR.

Verhoor: 7 November 1991

Gelewer: 5 Maart 1992

/2.....

U I T S P R A A K

JOUBERT, AR :

Hierdie is 'n appèl teen die afwysing deur OLIVIER R (met wie SMUTS R P saamgestem het) van die appellant se aansoek teen die respondente in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling. Met verlof van die Hof a quo kom die appellant tans in hoër beroep na hierdie Hof.

Op 29 Junie 1987 het ene J.B Ferreira as verbandgewer 'n spesiale notariële verband oor sy bepaalde roerende sake, soos in Bylae A daartoe beskryf, laat verly ter versekering van 'n skuld ten bedrae van R320 000-00 deur hom aan die appellant ("Sentraalwes") as verbandhouer verskuldig. Die verbandakte wat op 14 Julie 1987 by die Akteskantoor te Bloemfontein vir registrasie ingedien is, is op 21 Julie 1987 geregistreer.

Die boedel van J.B. Ferreira is op 10

September 1987 gesekwestreer. Die beswaarde roerende bates was nie aan Sentraalwes gelewer toe die spesiale notariële verband aangegaan is nie en was steeds in sy besit tot by die sekwestrasie van sy boedel.

Sentraalwes het op grond van die spesiale notariële verband 'n eis van R229 398-27 as 'n preferente vordering teen die insolvente boedel ingedien. Die tweede en derde respondente het as mede-trustees van die insolvente boedel die vordering van Sentraalwes in hul tweede en finale likwidasie- en distribusierekening as 'n konkurrente vordering aangetoon. Hulle standpunt was dat die spesiale notariële verband deur die bepalings van art 88 van die Insolvensiewet 24 van 1936 getref word sodat dit op geen preferensie geregtig is nie. Hierteen het Sentraalwes op 23 November 1988 beswaar gemaak maar dit is deur die tweede en derde respondente verwerp. Die eerste respondent het op 8 Februarie 1989 die beswaar

van Sentraalwes verwerp.

Sentraalwes het in terme van art 111(2)(a) van die Insolvensiewet 24 van 1936 die eerste respondent se beslissing op hersiening in die Hof *a quo* geneem by wyse van ŉ aansoek, gedateer 3 Maart 1989. OLIVIER R (met wie SMUTS R P saamgestem het) het die aansoek met koste van die hand gewys.

In die Hof *a quo* is onderskei tussen ŉ gedeelte van die eis (R18 239-22) wat binne 2 maande voor die indiening van die spesiale notariële verband vir registrasie aangegaan is en die balans van die eis wat meer as 2 maande voor sodanige indiening aangegaan is. Adv *Brand* het namens Sentraalwes in hierdie Hof vir doeleindes van die appèl aanvaar dat die hele verbandskuld meer as 2 maande voor sodanige indiening aangegaan is. Dit was gemene saak dat die boedel van die verbandgewer binne 6 maande nadat die verband vir

registrasie ingedien is, gesekwestreer is.

Voor hierdie Hof is die eerste geskilpunt of art 88 van die Insolvensiewet 24 van 1936 toepaslik is op 'n spesiale notariële verband van bepaalde roerende sake wat nie aan Sentraalwes as verbandhouer gelewer is nie maar in die besit van die verbandgewer gebly het totdat sy boedel gesekwestreer is.

Art 88 van die Insolvensiewet 24 van 1936 lui soos volg:

> "'n Ander verband as 'n kustingsbrief (onverskillig of dit spesiaal dan wel algemeen is), gepasseer tot versekering van die betaling van 'n voorheen onversekerde skuld wat aangegaan is meer as twee maande voor die indiening van die verband by die betrokke registrateur van aktes om geregistreer te word of tot versekering van die betaling van skuld wat aangegaan is as 'n novasie of tot vervanging

van so 'n eersbedoelde skuld, verleen geen preferensie nie as die boedel van die verbandskuldenaar gesekwestreer word binne 'n tydperk van ses maande na daardie indiening: Met dien verstande dat 'n verband beskou word nie soas voormeld ingedien te geword het nie, as dit weer aan die registrasie onttrek is."

Die oogmerk van die wetgewer met art 88 is duidelik, nl. om die skuldeisers van 'n insolvent te beskerm teen die registrasie van "hurried bonds" wat daarop gerig is om aan 'n skuldeiser saaklike sekerheid deur middel van 'n verband te verleen waar die registrasie daarvan plaasvind op 'n stadium toe die insolvensie van die verbandgewer as 't ware voorhande is. Vergelyk Nathan, <u>South African Insolvency Law</u>, 4e uitgawe, 1936, p 307. Hierdie oogmerk word bereik deur te verorden dat 'n algemene of spesiale verband (anders as 'n kustingsbrief) geen <u>preferensie</u> by die sekwestrasie van die verbandgewer se boedel verleen nie indien daar aan

twee vereistes voldoen word, te wete (1) waar dit dien tot versekering van ŉ onversekerde skuld wat aangegaan is meer as 2 maande voor die indiening van die betrokke verband vir registrasie daarvan by ŉ akteskantoor en (2) waar die boedel van die verbandgewer binne 6 maande na sodanige indiening gesekwestreer word. Die opskrif van art 88 is "Sekere verbande is ongeldig" maar dit is tegnies nie in ooreenstemming met die inhoud van art 88 nie. Sien ook Joint Liquidators of Glen Anil Development Corporation Ltd (In Liquidation) v Hill Samuel (S A) Ltd, 1982(1) SA 103 (A) op p 111H. Die verbande wat deur art 88 getref word se preferensie word ontneem maar die vorderinge van die verbandskulde waarop hul betrekking het, kan by ŉ concursus creditorum t.o.v. die vrye oorskot met ander konkurrente vorderinge meedoen.

Toe art 88 op 1 Julie 1936 in werking getree het, het De Wet op Registratiekantoren 13 van 1918

reeds sedert 1 Januarie 1919 voorsiening gemaak vir die registrasie van 'n spesiale verband (mortgage bond) oor bepaalde onroerende sake asook "general and special" notariële verbande. Die algemene notariële verband het al die roerende sake van 'n verbandgewer verbind terwyl die spesiale notariële verband slegs bepaalde roerende sake verbind het. Die Registrasie van Aktes Wet 47 van 1937 wat sedert 1 September 1937 geld, het dieselde indeling van verbande met dieselfde omskrywings behou.

'n Spesiale verband oor bepaalde onroerende sake verleen volgens die Insolvensiewet 24 van 1936 'n versekerde vordering oor die beswaarde sake se opbrengs sowel as 'n preferensie volgens die omskrywing van "sekuriteit" in art 2 gelees met art 95(1).

'n Algemene notariële verband verleen volgens art 102 van die Insolvensiewet 24 van 1936 wat die vrye oorskot

betref wel 'n preferensie bo konkurrente skuldeisers se vorderings. Raadpleeg die beslissing van hierdie Hof in Cooper N O en Andere v Die Meester van die Hooggeregshof O V S en 'n Ander, ongerapporteer.

Insolvensiewet 24 van 1936 verleen nie 'n preferensie aan 'n spesiale notariële verband nie. Laasgenoemde verleen volgens hierdie Hof se beslissing in die Cooper-saak (supra) ook nie 'n gemeenregtelike preferensie oor die besware sake t.o.v. die vrye oorskot nie.

Waar 'n spesiale notariële verband geen preferensie verleen nie, sou dit sinneloos en absurd wees om dit binne die kader van art 88 te betrek. Dit sou in stryd wees met die vermoede dat die wetgewer nie 'n absurde gevolg beoog nie. (Steyn, Die Uitleg van Wette, 5e uitgawe

/10.....

1981, p 118). Myns insiens is art 88 derhalwe nie toepaslik op die onderhawige spesiale notariële verband nie. Dit is egter nie die einde van die aangeleentheid nie want daar is 'n tweede geskilpunt.

Die tweede geskilpunt is of die onderhawige notariële verband 'n preferensie bo konkurrente skuldeisers se vorderings t.o.v. die vrye oorskot verleen. Volgens die beslissing van hierdie Hof in die Cooper-saak (*supra*) moet hierdie geskilpunt ontkennend beantwoord word. Die tweede en derde respondente het derhalwe tereg in hul tweede en finale likwidasie- en distribusierekening die vordering van Sentraalwes as 'n konkurrente vordering aangetoon - al was hul beroep op art 88 as grond daarvoor foutief.

Die resultaat is dat die appèl van die hand gewys word met koste wat die koste van twee advokate insluit.

-------------------

C P JOUBERT AR.

E M GROSSKOPF AR
VIVIER AR stem saam.
F H GROSSKOPF AR
VAN COLLER Wn AR